LEES ASSEBLIEF: BELANGRIKE INLIGTING VOOR JY DIE VORM INVUL.
Kaartjie verkope open 17 Januarie 2018

1. Hierdie registrasievorm is slegs vir volwassenes – **jy kan registreer as een van die volgende:**

Leader: Hierdie person kamp saam met tieners in tentedorpe en is spesifiek verantwoordelik vir dissipline in die tentedorp en om om te sien na die algehele welstand van tieners in die spesifieke zone. Tydens program verantwoordelik vir kleingroep gesprekke, help met dissipline, help om tieners te hou by program tye ens.

Serving Volunteer: Help met verskeie take oor die naweek soos bv. kos uitdeel, sekuriteit, algemene take in saal, verkope, registrasie en vele meer.

Attending adult: Hierdie groep bestaan uit Beraders, Gebedspan en Mentors, Werkswinkel fasiliteerders, Musiek en Tegniese personeel.

2. Hierdie vorm is aanlyn beskikbaar by www.itickets.co.za – **aanlyn registrasie sluit 3 April 2018**

3. #imagine se volwasse verklaring is aangeheg aan die einde van hierdie vorm. Jy sal nie toegelaat word op die terrein indien jy nie die getekende vorm by jou het op die dag van registrasie nie.

4. Vir enige groepbesprekings kontak southgroups@imaginemovement.co.za

5. Vir elke 10 tieners wat ingeskryf word moet gemeentes/skole ook 'n leier inskryf. Indien jou groep kleiner as 10 is, moet daar steeds 'n leier inskryf.Indien die groep bestaan uit meisies en seuns moet daar leiers van beide geslagte ingeskryf word sodat daar 'n volwassene teenwoordig is in tente dorp by die tieners.

6. Jy kan 'n volledige dokument met vrae en antwoorde aflaai by www.imaginemovement.co.za wat jou sal help met navrae wat jy kan ontvang van tieners se ouers.

Inskrywing vir volwassenes

Naam	
Van	
Dorp	
Provinsie	
Epos	
Sel no	
Geboortedatum (jaar/maand/dag)	
Geslag (manlik/vroulik)	
Naam van Skool	n/a
Graad	n/a
Naam van Kerk	
Denominasie	
Hoeveel keer het jy al 'n #imagine experience bygewoon (0 / 1 / 2/ 3/ 4)	
Naasbestaande se naam	
Naasbestaande se kontak nommer	
Mediese fonds naam	
Mediese fonds nommer	
Allergieë/ Mediese toestande	
Waar het jy gehoor van #imagine?	
*ID nommer	
*Naam van Predikant/Jeugwerker vir verwysing	
*Kontak nommer of epos Predikant/Jeugwerker	
*Wat is jou ondervinding in jeugbediening of onderig?	
*Is jy verbied volgens die Suid-Afrikaanse wet om met kinders jonger as 18 jaar te werk? Ja / Nee	

Terrein: Mega Park, Bredasdorp

Begin: Registrasie open **6 April om 08:00**; Program begin om 16:00. (Die eerste ete wat voorsien word deur #imagine, is aandete)

Eindig: Program eindig **8 April 2018 om 14:00** – ons versoek dat geen busse vertrek voor 14:00 (Die laaste ete wat voorsien word, is Brunch)

Die R600-00 sluit etes in, maar sluit vervoerkoste uit. Neem asb. kennis dat #imagine nie verantwoordelikheid neem vir die organisering van vervoer nie.

WAT BRING JY SAAM?

- ☐ Tent (of deel met vriende) #imagine voorsien geen tente.
- ☐ Matras indien nodig
- ☐ Slaapsak
- ☐ Kussing
- ☐ Plastiekkoppie vir water/koeldrank
- ☐ Waterbottel
- ☐ Sonhoed en sonbrandmiddel
- ☐ Muskietweerder
- ☐ Reënbaadjie
- ☐ Flits
- ☐ Sakgeld
- ☐ Gemaklike klere en skoene
- ☐ Warm klere vir die aande
- ☐ Kampstoel
- ☐ Persoonlike Medikasie – BAIE BELANGRIK
- ☐ Toiletware en benodighede
  - Bring 1 rol toilet papier
  - Bio-afbreekbare produkte sal verkies word maar nie verpligtend
  - Bring jou eie benodighede (bv. Tande borsel, ens.)
- ☐ Swemklere
- ☐ Handdoek
- ☐ Bybel
- ☐ Selfoonherlaaier

Spesiale diëte moet self voorsiening voor gemaak word kombuisgeriewe beskikbaar

Navrae: south@imaginemovement.co.za/info@imaginemovement.co.za

VOLWASSE VERKLARING:

Ek _____ ID no _____
verklaar hiermee dat ek nie verbied is volgens die Suid-Afrikaanse kinderwet om met kinders jonger as 18 jaar te werk nie. Ek verklaar dat my naam nie verskyn op die NRSO (National Register for Sexual Offenders) nie.

Tydens die #imagine experience sal ek gesprekke met tieners slegs voer in goed beligte, publieke areas, sover as moontlik een-tot-een sessies met die teenoorgestelde geslag vermy en ernstige gevalle verwys na die beraders en maatskaplike werkers.

Ek sal fisiese kontak met tieners vermy en op geen stadium alleen saam met 'n tiener in 'n private ruimte wees nie. Ek besef dat ek in risiko van vervolging is as ek my in situasies begewe wat na seksuele toenadering tot 'n kind kan lyk.

Ek sal nie die #imagine experience gebruik om tieners te werf vir my eie kerk of aksies nie. Ek verstaan dat daar verskeie denominasies teenwoordig sal wees met verskillende teologiese aksente. Ek sal gesprekke met dogmatiese temas vermy en nie my standpunte daaroor aan tieners voorhou nie. Dit sluit in (maar is nie beperk nie, tot) doop, doping met die Heilige Gees, gawes van die Gees, duiweluitdrywing, die vrou in kerklike ampte en hoe ons seksuele oriëntasie benader.

Verder besef ek dat die #imagine personeel of vrywilligers nie aanspreeklik gehou kan word vir enige beskadiging/verlies van eiendom, beserings, siekte of ongeval van enige aard nie.

Ek verleen ook toestemming dat foto's en video materiaal waarop ek verskyn gebruik kan word vir bemarking doeleindes.

NAAM VAN VOLWASSENE:_____

HANDTEKENING: _____ DATUM:_____

NAAM VAN PREDIKANT/JEUGWERK:_____

KONTAK BESONDERHEDE:_____

HANDTEKENING: _____ DATUM:_____